higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1530**(A)**(J8)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N4

(22030044)

8 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate mag hulle studenteportefeuljes met klasaantekeninge, brosjures, handleidings, gevallestudies, opdragte en toetse sowel as handboeke, kaarte, 'n atlas, die GSA-tydskrif van 2018 en 2 woordeboeke in die eksamenlokaal inneem.

Kandidate word 15 minute gegee om die eksamenvraestel deur te lees voordat die eksamen begin.

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 3 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

2. Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in AFDELING B.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: 40 punte
   AFDELING B: 160 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

4. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin elke vraag op ‘n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: KAARTWERK

1.1 Verwys na die kaart op BYLAE A om die volgende vrae te beantwoord:

1.1.1 Noem DRIE oogmerke van kaarte. (3)

1.1.2 Noem VIER buurlande wat grense deel met Suid-Afrika. (4)

1.1.3 Noem die watermassa (‘body of water’) aan die weskus van Suid-Afrika. (2)

1.1.4 Wat is die naam van die hoofstad van die Noord-Kaapprovinsie? (2)

1.1.5 Twee van die drie hawes in die Wes-Kaap is Kaapstad en Mosselbaai.

Noem die derde hawe. (2)

1.1.6 Noem TWEE spoorprodukte wat beskikbaar is vir toeriste om binnelands te reis. (2 × 2) (4)

1.2 Verwys na die kaart op BYLAE B om die volgende sinne te voltooi. Gebruik ‘n woord of woorde in die lys hier onder. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Kreefskeerkring; Amerikaanse; klimatologielyn; ewenaar; Afrika-; Greenwich-meridiaan

1.2.1 Die breedtekring (‘line of latitude’) wat ‘n belangrike rol speel in klimaat is die … .

1.2.2 Suid-Afrika is geleë op die … kontinent.

1.2.3 Die 0°-lengtesirkel (‘line of longitude’) is die … .

(3 × 1) (3)

[20]

VRAAG 2: SUIDELIKE AFRIKA EN SUID-AFRIKA

2.1 Suid-Afrika het agt Wêrelderfenisgebiede.

Noem DRIE belangrike natuurerfenisgebiede. (3 × 2) (6)

2.2 Suid-Afrika vier 12 openbare vakansiedae wat draai om historiese gebeure of godsdienstige beskouings.

Verduidelik die betekenis van die volgende openbare vakansiedae:

2.2.1 21 Maart

2.2.2 16 Junie

2.2.3 27 April

(3 × 2) (6)

2.3 Die MSC Cruise is ‘n voorste luuksetoerskip wat langs die kuslyn van Suid-Afrika bedryf word.

Noem TWEE hawes waar die MSC Cruise vasmeer. (2 × 2) (4)

2.4 Dis nie maklik om ‘n land deur middel van een pittige slagspreuk aan die res van die wêreld te bemark nie, veral ‘n land soos Suid-Afrika met sy talle fasette wat so baie het om aan te bied.

2.4.1 Wat is die slagspreuk wat gebruik word om Suid-Afrika te bemark?

2.4.2 Dink jy die handelsmerk (‘brand’) Suid-Afrika doen die slagspreuk in VRAAG 2.4.1 gestand? Motiveer jou antwoord.

(2 × 2) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die insetsel hier onder om die vrae te beantwoord.



The Palace Of The Lost City By Sun City.

PO Box 308 Sun City, Near Rustenburg, Sun City, North West - ZA

Knus geleë tussen die berge van die Pilanesberg is 'n plek soos geen ander - The Palace of the Lost City by Sun City. Dit is 291 km van die O.R. Tambo Internasionale Lughawe (Johannesburg) af geleë. Die kamers en suites van The Palace is op 'n unieke wyse versier om die ryk flora en fauna van die area te weerspieël. Standaardkamers het ingangsportale, en suite-badkamers, areas met sitgeriewe, lugreëling, televisie, 'n kluis, telefoon, minikroeë en geriewe om tee en koffie te maak. The Palace of the Lost City is 'n fantasiewêreld van ongelooflike tuine geleë tussen bosse en teen kranse, blink waterstrome, watervalle, swembaddens en vermaaklikheidsareas. As een van die wêreld se beste hotelle in alle opsigte, sluit dit die Valley of Waves, die enigste subtropiese wateravontuurpark in Afrika, en 'n wêreldklas-gesondheidspa in. Voortreflike kos word aangebied in die twee topklasrestaurante by The Palace. Elegante kroeë en sitkamers bied die perfekte atmosfeer vir informele drankies voor en na aandete. 'n Verskeidenheid konferensiegeriewe is beskikbaar. The Palace of the Lost City by Sun City is ook 'n lid van The Leading Hotels of the World.

3.1.1 Noem die naaste toegangslughawe ('air gateway'), en die plek waar dit geleë is. (2 + 2) (4)

3.1.2 Sou jy Sun City as 'n kindervriendelike bestemming aanbeveel? Motiveer jou antwoord. (2 + 2) (4)

3.1.3 Dink jy Sun City is 'n geskikte plek vir korporatiewe geleenthede? Motiveer jou antwoord. (2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.1.4 Sou jy Sun City as 'n natuurlike of 'n kunsmatige attraksie klassifiseer? Motiveer jou antwoord. (2 × 2) (4)

3.1.5 Noem VIER aktiwiteite waaraan besoekers aan Sun City kan deelneem. (4)

3.2 Noordwes staan ook bekend as die Platinumprovinsie.

3.2.1 Noem die hoofstad van die Platinumprovinsie.

3.2.2 Wat is die betekenis agter die naam Platinumprovinsie?

3.2.3 Wat is die naam van die PSL (Premier Soccer League) sokkerspan wat in die provinsie gevestig is.

3.2.4 Noem die sportterrein waar sokkerwedstryde tydens die FIFA Wêreldbekertoernooi van 2010 plaasgevind het.

3.2.5 Wie is die provinsiale leier of premier van die provinsie?

(5 × 2) (10)

3.3 Dis moeilik om te glo dat in net onder 'n uur jy die stadsgewoel kan agterlaat en jouself bevind in een van Suid-Afrika se skilderagtigste plekke – die Magaliesberge, tuiste van die bekoorlike Magalies Meander-kunsroete.

Kies 'n area uit die volgende lys om te pas by elk van die toeriste-aktiwiteite waaraan besoekers kan deelneem hier onder. Skryf slegs die area langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Sandton City; Plumari-wildtuin; Red Dragon; Magaliesberge; Taj Restaurant; Hekpoort; Welwitschia en Cameleon-dorpsmark; Drakensberge

3.3.1 Lugballonsafari

3.3.2 Inkopies vir kuns- en handwerkitems

3.3.3 Uiteet: Chinese kos

3.3.4 Ry met 'n knortjor ('Karting')

3.3.5 Staptogte in die natuur ('Bush walks')

(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel uit 'n reisplan vir Nomad Tours, een van Suid-Afrika se voorlopers op die gebied van pakketplanne.

Dag 3 – Swaziland – Mlilwane-wildreservaat

Akkommodasie
Kampeer: Mlilwane Wildlife Sanctuary http://www.biggameparks.org/mlilwane
OF
Mbuluzi Game Lodge http://www.mbuluzigamereserve.co.za

Geriewe
Gedeelde ablusiegeriewe
Besoek asseblief die akkommodasie-diensverskaffer se webwerf vir 'n volledige lys van die fasiliteite wat aangebied word.

Roete
St Lucia na Swaziland

Opsionele aktiwiteit
Renosterbesigtigingsrit

Grenspos
Suid-Afrika: Golela Grenspos, Tel: +27(0)34 435 1070
Oop: 07:00–22:00
Swaziland: Lavumisa Stadsraad, Tel: +268 20 790 93, Oop: 07:00–22:00

4.1.1 By watter plek gaan die groep Swaziland binne? (2)

4.1.2 Bespreek kortliks die Mlilwane-wildreservaat as 'n toeristebestemming. (2 × 2) (4)

4.1.3 Sou jy die Mlilwane-wildreservaat as 'n voortreflike voetslaanbestemming aanbeveel? Motiveer jou antwoord. (2 + 2) (4)

4.1.4 Verduidelik aan die groep die toegangsvereistes vir Suid-Afrikaanse burgers met betrekking tot paspoorte. (2)

4.1.5 Stel DRIE aandenkings voor wat mense kan koop, en adviseer hulle oor waar hierdie goedere gekoop kan word. (3 + 3) (6)

4.1.6 Noem die laaste grenspos in Suid-Afrika voor jy Swaziland binnegaan. (2)

Kopiereg voorbehou

4.2

Mswati III (gebore Prins Makhosetive Dlamini op 19 April 1968) is die huidige koning (Swazi taal: Ngwenyama of Ingwenyama) van Swaziland en hoof van die Swazi koninklike familie. Mswati is gebore in Manzini, Swaziland vir Koning Sobhuza II en een van sy jonger vroue, Ntfombi Tfwala.

4.2.1 Watter openbare vakansiedag (datum en naam) gedenk die huidige koning? (2 + 2) (4)

4.2.2 Wat is tans die gesondheidsgevaar waarteen toeriste gewaarsku moet word wanneer hulle na Swaziland reis? Stel 'n teenmiddel ('remedy') voor vir die gesondheidsgevaar. (2 × 2) (4)

4.2.3 Beskryf Manzini as 'n inkopiebestemming. (4)

4.3 Kies 'n toeristebestemming uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.3.1	Swaziland se spirituele en kulturele hart. Hierdie rustige dorp huisves Swaziland se monargie sowel as sy belangrikste geboue	A	Swazi-mark, Mbabane
		B	Mkaya Mall
		C	Simunye-natuurreservaat
4.3.2	Die vernaamste aktiwiteit hier is onbegeleide wildsafari's; bedags vir die besigtiging van diere soos kameelperde, zebras, koedoes, jakkalse, wildebeeste en njalas en snags moontlik hiënas, muskeljaatkatte, tierboskatte en ratels.	D	Lobamba
		E	Malolotja-wildtuin
		F	Mbuluzi-wildtuin
4.3.3	'n Moet-sien vir toeriste wat gretig is om aandenkings te koop. Dit is geleë aan die suidekant van Allister Miller Straat, die dorp se vernaamste inkopiestraat.		
4.3.4	Die grootste beskermde gebied in Swaziland		

(4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 5

5.1 GROOT LIMPOPO-OORGRENSPARK

5.1.1 Definieer die term *oorgrenspark* (‘transfrontier park’). (2)

5.1.2 Wat dink jy is die voordele verbonde aan die vestiging van ‘n oorgrenspark? (2 × 2) (4)

5.1.3 Noem die DRIE lande wat betrokke is by die gesamentlike inisiatief vir die Groot Limpopo-oorgrenspark. (3 × 2) (6)

5.1.4 Noem die SEWE bewaringsgebiede wat saamgevoeg is om die Groot Limpopo-oorgrenspark te vestig. (7 × 2) (14)

5.2 Noem die beroemde toeriste-attraksie in elk van die afbeeldings hier onder wat op die roete gesien kan word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1



5.2.2



5.2.3



5.2.4



(4 × 2) (8)

5.3 Kies 'n toeristebestemming uit KOLOM B om by 'n toeristegebied in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.3.1	Sandsteenformasies, mopaniebosveld en unieke rivierwoude en kremetartbome vorm 'n asemrowende en skilderagtige agtergrond vir 'n ryke verskeidenheid dierelewe	A	Makapane se Vallei
		B	William Humphreys-Kunsgallery
		C	Mapungubwe Nasionale Park
		D	Vredefort-krater
5.3.2	Dit is in 2001 tot 'n nasionale erfenisterrein verklaar. Dit bewaar 'n unieke rekord van hominied-bewoning en evolusie wat tot 3,3 miljoen jaar terugdateer	E	Mapungubwe-versameling
5.3.3	Die artefakte word permanent uitgestal by die Mapungubwe-museum in the Ou Lettere-gebou ('Old Arts Building') op die hoofkampus van die Universiteit van Pretoria		

(3 × 2) (6)
[40]

VRAAG 6: VRYSTAAT

6.1 Kies 'n toeristebestemming uit KOLOM B om by 'n toerismegebied in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.1.1	Thabo Mofutsanyana	A	Naval Hill
6.1.2	Fezile Dabi	B	Landzicht-wynkelder
6.1.3	Mangaung Metropool	C	Ermelo
6.1.4	Lejweleputswa	D	Melville-koppies
6.1.5	Gariep	E	Parys
		F	Golden Gate Hoogland NP
		G	Peter Pan-park

(5 × 2) (10)

6.2 Verwys na die kaart op BYLAE C om die volgende vrae te beantwoord:

6.2.1 Toeriste se bynaam vir Bloemfontein is ook die '…-stad'. (2)

6.2.2 What is die Sotho-naam vir 'Bloemfontein,' en wat beteken die naam? (2 + 2) (4)

6.2.3 Noem TWEE historiese attraksies op die kaart. (2)

6.2.4 Bespreek die belangrikheid van die Vrystaat-stadion vir sporttoerisme. (3 × 2) (6)

6.2.5 Geleenthede ('Events') dra grootliks by tot die ekonomie van die Vrystaat-provinsie.

Dekodeer die akroniem MAKUFE ('MACUFE'). (2)

6.2.6 Noem TWO plekke ('venues') wat op die kaart verskyn, waar die jaarlikse MAKUFE-feesverrigtinge ('MACUFE festivities') in Bloemfontein aangebied word. (2 × 2) (4)

6.2.7 Wat is die ligging van die polisiestasie? (2)

6.2.8 Noem die nasionale pad wat na die Bram Fischer Internasionale Lughawe lei. (2)

6.2.9 Hoeveel toeriste-inligtingsentrums verskyn op die kaart? (2)

6.3 Raadpleeg jou GSA-tydskrif (Februarie-uitgawe) om die volgende vraag te beantwoord:

Noem TWEE instellings in Bloemfontein wat 3-sterakkommodasie bied.(2 + 2) (4)

[40]

VRAAG 7

7.1 Lees die insetsel hier onder en beantwoord die vrae.

> Met 800 kilometer se ongerepte kuslyn om te verken, gaan die Oos-Kaap moeiteloos oor van land na see wat 'n wêreld van verkennings- en avontuurgeleenthede oopmaak. Dit is ook die tuiste van die GROOT SEWE. Tesame met die oorvloed aan aktiwiteite is dit 'n ware glanspunt van hierdie provinsie, 'n gebied wat ook as die watersporthoofstad van Suid-Afrika bekendstaan waar talle internasionale en plaaslike watersportgeleenthede aangebied word.
>
> Die Oos-Kaap is die tuiste van 'n aantal politieke legendes wat almal 'n rol gespeel het in die stryd om Suid-Afrika van rasse-onderdrukking te bevry – een van die belangrikstes hiervan is ons geliefde Madiba, Nelson Rolihlahla Mandela.
>
> As die geboorteplek van Xhosa-tradisies is die Oos-Kaap ryk aan 'n dinamiese kulturele geskiedenis, en bied aan besoekers 'n vriendelike kykie in die hart van die plaaslike gemeenskap. Township-toere en besoeke aan tradisionele restaurante en sjebeens terwyl hulle die leefwyse in die dorpies verken, bied aan besoekers 'n ondervinding wat nêrens anders aangetref word nie.

7.1.1 Waar in die Oos-Kaap kan jy die Groot Sewe besigtig? (2)

7.1.2 Noem die Groot Sewe wat in die Oos-Kaap aangetref word. (7)

7.1.3 Beskryf die historiese betekenis van Alice. (2 × 2) (4)

7.1.4 Noem DRIE watersporte wat in die Cacudu-gebied beoefen kan word. (3)

7.1.5 Noem VIER toerisme-gebiede in die Oos-Kaap wat politieke leiers gedenk. (4)

7.2 Beskryf kortliks die volgende toeriste-attraksies in Oos-Londen:

7.2.1 Fort Glamorgan aan die Wesbank

7.2.2 Multicultural Man

7.2.3 Hood Point-ligtoring

7.2.4 Calgary-museum

7.2.5 Gately House

(5 × 2) (10)

7.3 Geleenthede ('Events') is die vernaamste rede waarom toeriste die Oos-Kaap besoek.

Noem elk van die jaarlikse geleenthede wat hier onder beskryf word. Skryf slegs die naam van die geleentheid langs die vraagnommer (7.3.1–7.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

7.3.1 Hierdie geleentheid, wat die adrenalien laat pomp, behels om in 'n onstuimige see te swem, lang afstande per fiets af te lê, en 42 km te hardloop.

7.3.2 Hierdie skou word aangebied deur die wynkenner Michael Fridjhon en die span wat die land se vernaamste nasionale en streekswynfeeste organiseer.

7.3.3 Hierdie geleentheid dien om trots en diversiteit ('pride and diversity') te vier.

7.3.4 Die doel van die fees is om bekendheid te gee aan hierdie dorpie aan die Wildekus, en die talle fasette te vertoon en te vier wat Morgan Bay 'n Suid-Afrikaanse dorpie maak wat aandag verdien. Mense wat die fees bywoon se oë sal oopgemaak word vir die ryk ekologie, kultuur en erfenis.

7.3.5 Hierdie geleentheid lok jaarliks meer as 50 000 mense en is tans Suid-Afrika se grootste kuns-en-kultuurfees. Die kunste, musiek, teater en handwerk ('crafts') is die middelpunt van belangstelling en meer as 500 verskillende opvoerings, wat wissel van musiek tot dans en opera, word op die planke gebring.

(5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A


© www.places.co.za
ZIMBABWE
LIMPOPO
BOTSWANA
Polokwane
Hoedspruit
Nelspruit
Pretoria
Mafikeng
Johannesburg
MPUMALANGA
NAMIBIA
NORTH WEST
GAUTENG
Klerksdorp
Upington
FREE STATE
KWAZULU
NATAL
Kimberley
Hluhluwe
Bloemfontein
Pietermaritzburg
LESOTHO
NORTHERN CAPE
Durban
ATLANTIC OCEAN
Umtata
INDIAN
OCEAN
EASTERN CAPE
East London
WESTERN CAPE
Cape Town
Port Elizabeth
Mossel Bay

BYLAE B


ARCTIC OCEAN
Greenland
Arctic Circle
ASIA
EUROPE
NORTH AMERICA
ATLANTIC
PACIFIC OCEAN
PACIFIC
AFRICA
INDIAN OCEAN
OCEAN
SOUTH AMERICA
OCEAN
AUSTRALIA
Antarctic Circle
ANTARCTICA
80°
40°
0°
40°
80°
160°
120°
80°
40°
0°
40°
80°
120°
160°
© H.L.

BYLAE C



Kopiereg voorbehou